

Die Naam van ons Koning

Die Naam van ons Koning

Daar is soveel kontroversie rondom ons Opperhoof en Heerser se Naam wat daar behoorlik boeke oor geskrywe kan word.

Ons as mens koppel gou aan iets of iemand 'n naam om dit uit te ken of te verwys. Baiekeer koppel ons die iets of item aan 'n passende naam soos: vuil of eet soos 'n vark. Dus doen ons so om 'n vaste woord daar te stel om 'n persoon of saak aan te dui. Indien ons voel dat die naam wat aan “die of daardie” gekoppel was nie passend is nie gee ons die item of persoon 'n ander noemnaam (bynaam). Gewoonlik word die algemene name gekoppel aan die uiterlik, en min aan die innerlike. Ek gaan nou oor na die Skrifte waar name belangrik was om die uitkenning en definisie te verstaan.

Van die begin van tyd het ons Skepper name aan al Sy skeppinge “genoem”. Vanaf Gen. deur tot Open. het YAHUSHA iets gedefinieer en dit “genoem” soos dit Hom behaag. As ons na baie van die name wat ons Skepper aan boodskappers of die seuns van Adam gekoppel het sal dit jou verstom.

Adam beteken: Man / Mens uit die rooi aarde; **Abel** beteken: Damp / Asem; **Kain** beteken: wig / oorneming; **Set** beteken: Aanstel / Plaasvervanging / in die plek van; **Enos** beteken: Menswees / wese; **Kenan** beteken: Besitting / Verwerping / verkryging; **Mahalálel** beteken: Lof / Eer aan Skepper; **Jered** beteken: Neerdaling; **Henog** beteken: Onderwys / lering; **Metúsalag** beteken: Man van Skepper / man van pyl; **Lameg** beteken: Sterk / Kragtig / magtig; **Noag** beteken: Gemak / onbesorgdheid / vertrous / rustig / redding

Die **berg Sion** beteken “Dié stad van die groot Koning, Die vergadering plek van die eersgeborenes, Die plek waar dié Naam “YAH” van VADER woon.

Rein beteken tog sindelikeid, netheid, eerbaarheid, kuisheid, suiwerheid of selfs sonder wetsoortreding.

So kan ek die dissipels se name (*of selfs plek name*) uitwys in betekenis.

As ons deur die Skrifte gaan, op soek na ons Koning se Naam, wil ek jou die moeite spaar om te noem dat jy dit nie daar sal vind nie. Dit is net name in die plek van die oorspronklike name. Ons kan mekaar help deur ondersoek uit ander bronne buite die Skrif wat ons tans gebruik. Daar is natuurlik oneindige leesstof tot ondersoek, en weens daarom moet ons in versugting daarna kyk. Ons weet dat die “Tora” (*Die eerste 5 boeke van Moses*) duisende jare gelede reeds op allerhande vorminge vasgevang was in skrifte op klip, plaat of perkamente. Dit was in verskillende tale soos Aramees of in oud Hebreeus en Grieks. Daar is ook die wat sê dat dit in vroeër tale ook ontdek was, maar dit is relevant. Oor die jare het Ha satans werkers hulle slag geslaan om die oorspronklike te vervang met die valse.

Kom ons begin kyk na die “God” naam in die Skrif.

Kom ons begin met: *Jes. 65:11 Maar julle wat die ~~HERE~~ verlaat, wat my heilige berg vergeet, wat ‘n tafel dek vir die gelukkiggod en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot— (Uit die 1933/53 Skrif)*

Isa 65:11 But ye⁸⁵⁹ are they that forsake⁵⁸⁰⁰ the ~~LORD~~,³⁰⁶⁸ that forget⁷⁹¹³ (853) my ~~holy~~⁶⁹⁴⁴ mountain,²⁰²² that prepare⁶¹⁸⁶ a table⁷⁹⁷⁹ for that troop,¹⁴⁰⁸ and that furnish⁴³⁹⁰ the drink offering⁴⁴⁶⁹ unto that number.⁴⁵⁰⁷ (KJV+)

Isa 65:11 But you who forsake the Lord, who forget and ignore My holy Mount [Zion], who prepare a table for Gad [the Babylonian god of fortune] and who furnish mixed drinks for Meni [the god of destiny]—(AMP)

Let mooi op na die gelese vers uit verskillende Skrifte. Die 1933 Afrikaanse Skrif praat van ‘n “gelukkiggod” en “godin; Die KJV+ “for that troop” wat verwarrend is en so praat die skrywer nie van die “godin” nie; Die AMP Skrif praat van “Gad” (Nie God nie) en noem die godin as Meni. Buiten die ander name wat nie daar hoort soos “Here, Lord of heilig” word die “god en godin” verskillend geïnterpreteer wat die ware betekenis in twyfel stel.

As ons na die AMP Skrif kyk word die Siriese of Kanaänitiese gelukkiggod Gad en Meni, as die noodlottige gode beskryf, en uitgewys as heidense idole.

In vroeër Skrifte was Gad net as GD geskrywe en later van jare die vokaalteken “a” en “o” gekry. As ons na Jos.11:17; 12:7 en 13:5 kyk sal ons sien dat Baäl-Gad as ‘n songod bekend was en Meni die maangodin (*idole /beeld van aanbidding*). Tans word Gøð as ‘n titel of soortnaam gebruik wat nie so was nie. Dié skrywer van die spesifieke vers het die Hebreeuse Skepper vervang of ‘n substituuat daar gestel het soos hy of hulle die Naam van VADER mee gedoen het (*in die plek van = anti 1Joh.2:18*).

As ons na die bomenslike wesens van die heidense mitologie (*Germaanse, ens.*) kyk het hulle ‘n idool met die naam GØÐ gehad. Hulle het baie sterk gevoel dat hulle aanbidding punt (*die magtige een*) se naam wat aanbid word ‘nie misbruik mag word nie’. Dit moet ‘n gevreesde naam wees daarom die versteking van hulle idool as Gøð in naam. Die Germaanse stamme het hulle idool “Odin” hulle “Gott” of net Gøð genoem. Die Duitse volk gebruik nog steeds die woord, GOTT of GUT; Die Aramese gebruik nou weer GAD; Die Arabiese volk gebruik GUD en die Grieke AGATH – os.

Die Indo – Germaanse het ook “Ghadh” (*Ghadh beteken om te paar*) aanbid wat as “god” in Engels uitgespreek word.

As ons deur die Skrifte gaan sal jy nêrens in die ganse Skrifte optel dat ons nie dié oorspronklike Name van ons Koning mag gebruik nie. Inteendeel word ons aanbeveel om dit wel te gebruik (Joh. 5:43; 14:14; 17:11,26; Open.2:13; 3:12). Tot so ver wat die “god” naam aan betref.

Ek gaan nou oor na die Naam van ons Koning waaroor die dispuut gaan. Die sodanige Hebreeuse kenners en geleerdes het die Naam van ons Koning “YHUH” redelik al onder die knie gekry behalwe dat sommige van hulle in die plek van die “U” ‘n “V” of ‘n “W” insit. Baie het wel die Naam YHUH aanvaar as die VADER se Naam wat reg tog verkeerd is. Die Naam “YHUH” **יהוה** Het ‘n baie diep betekenis wat nie maklik is om te verstaan deur alleman nie. Soos dit gaan in die sodanige moderne lewe het die mode die taalkundige manne ook beïnvloed. Hulle redenasie is dat daar meer klinkers (soos die Romeine, Rooms-Katoliek, Italiaans, Latyns waarvan al die name aan die Pousdom behoort) aan woorde gevoeg moet word “sodat die woord beter na vore kan kom” om verstaanbaar te wees. Daarom kry die Naam woord “YHUH” twee “A” klinkers in wat YAHUAH deurgee. Volgens die spel en lees kundiges kan die Naam woord “YHUH” nou beter uitgespreek word weens die invoeging. Voordat ek verder oor die Naam “YHUH” gaan moet ons eers na die oorsprong van die Naam gaan.

Moses het gewandel met die skape van sy skoonpa in die rigting van die berg Sion / Horeb. Hy sien ‘n brandende bos, maar dat die bos ook nie uitbrand nie. Hy gaan toe nuuskierig nader met ondersoek oor die interessante gebeurtenis wat voor sy oë afspeel. Toe hy naby die bos kom, kom daar ‘n stem uit die bos na hom (*Ex. 3:2 Daarop verskyn die Engel-Boodskapper van die HERE VADER aan hom in ‘n vuurvlam uit ‘n doringbos*). Die stem gee ‘n bevel dat hy sy skoene moes uitrek, want die terrein wat hy betree het is rein. Hy maak kennis met die sprekende stêm en leer dat dit ‘n Boodskapper is wat spreek. Die Boodskapper gee hom bevels waarvan hy rebelleer teen die bevels weens sekere redes. Moses noem dat waar hy vandaan kom (uit Egipte) daar baie gode is wat aanbid word en dat elk van hulle ‘n naam het. Hy noem toe as hy dan terug moet gaan na Egipte moet hy die Faro en sy volk inlig volgens die naam wat hy saam met hom bring. Moses vra toe wat die Boodskapper se Naam is wat uit die bos spreek (*Verstaanbaar van Moses se kant, want hy kom van Egipte wat oor die 200 gode het en waarvan elke god ‘n sekere aanbidding het*).

Met Moses se murmuringe glo ek dat die Boodskapper ietwat geïrriteerd was toe Moses vra na Sy Naam. Hy noem toe in *Ex. 3:14 En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel Yashar’EL antwoord: EK IS het my na julle gestuur* (In die vers lees ons “God” tog het ons reeds gelees in vers 2 dat dit wel ‘n Boodskapper was van VADER, dus moet nie verwar raak nie, want Ha satan is listig. Die “God” se verwysing is H430 wat Elohim is wat Skeppers of magtige Heersers beteken. Soos bo genoem dat daar nie ‘n “God” naam bestaan het by die Yashar’EL volk nie. Dus is die Boodskapper van vers 2 is die Skepper van vers 14).

So die BoodsAPPER met ‘n hoofletter sê: “Ek is wat ek is” M.a.w. “Ek is Skepper”, “Ek is Opperhoof”, “Ek is Heerser”, “Ek is jaloers”, “Ek is die Alef en Taf”, “Ek is eerste en laaste”. Hoor julle die boodskap en die Naam van ons Koning (*Tog is dit die BoodsAPPER wat praat*)? Duidelik word daar gesê: Gaan sê vir die volk “EK IS”.

Nou die woorde “EK IS” staan nie regtig in die Hebreëus se Skrifte nie. As ek na ‘n direkte vertaling kyk op Googel oor “EK is wat Ek is” lyk dit אַנִי כִי אֲנִי maar die KJV sê nee dit lyk so: הִיָּה אֲשֶׁר הִיָּה. As ek na die Massoretiese teks kyk lyk dit so: אֶהְיֶה אֲשֶׁר אֶהְיֶה. Die Massoretiese teks en KLV se vergelyk kom redelik bymekaar, maar net die verskil dat die Massoretiese teks ‘n Afef א by het. As ek nou die “Ek is” van die Massoretiese teks direkte na alfabet letters skryf, lyk dit so: AHYH ASR AHYH of met klinkers AHYAH ASRAH AHYAH. M.a.w. as AHYAH ons Koning se Naam is moet dit vergelyk word aan die Naam “YHUH” wat op baie plekke vir ons deur gegee word. Die AHYH(אֶהְיֶה) en die YHUH (הוּהָ) Name kan gesien word as dieselfde; Ek breek die woorde op tot uitwysing. Die AHYH kry ‘n “A” klinker in en dit lyk nou so: “AH” “YAH”. Die volgende woord YHUH kry ook ‘n “A” klinker in en dit lyk nou so: “YAH” U “AH” Sien julle die koppeling?

Kom ons doen ‘n kort analise: Die “ י ” Yud letter word baie in die Hebreëus taal gebruik om “ek in Afrikaans of I en Me in Engels” uit te wys. Sels die “ה” He het soms dieselfde verklaring as “ י ” Yud. As ons nou na die “Ek is” uitspraak in Google kyk: אַנִי = ‘Alef Nun Yud’. Die “ י ” is ‘n baie belangrike Alefbet letter wat die 10de letter van die Hebreëus Alefbet is. Soos ons sien in, “Ek is”, sien ons die Alfa letter in en dus met kombinasie sien ons die grootsheid wat dit deurgee nl.: “*Ek is die saad van die Alfa*”.

Kyk ons weer na die boonste YAH beteken dit dat Moses wel gestuur is met die Naam van ons Koning. M.a.w. Moses het na die volk gegaan in “YH” se Naam om vir hulle te sê: “YH” Julle Opperhoof, Heerser wat die hemel en die aarde gemaak het, het my na julle gestuur (*Soos ek dit reeds bo uitgewys het is dat daar deur die taalkundiges invoegings van klinker was, en so het hulle tussen die “YH” ‘n “A” voeging gedoen om jou die woord “YAH” te gee*).

Hier volg net ‘n kort verduideliking oor die Alef-bed letters van bo:

- י = Y wat ‘EK’ beteken
- יה = YH met klinker “YAH” wat ‘EK IS’ beteken.
- יהו = YHU met klinker “YAHU” beteken ‘EK IS DIE’
- יהוה = YHUH met klinkers “YAHUAH” beteken ‘EK IS DIE EK’
- יהושע = YHUSA met klinker “YAHUSHA” beteken ‘EK IS DIE LOSSER’

Ons het nou billik gekyk na ons Koning se Naam in die ou verbond, maar hier is 'n kort verduideliking van Sy Naam in die Vernuwe verbond. Sy Naam is YAHUSHA tog is daar wat die "SHA" gedeelte van Sy Naam verander na "SHUA" Kom ons kyk na 'n klompie Strong's verwysings oor "sha"

H3390 / H3389= ירושלם y^erûshâlêm = **Jerusalem**.

H3467 / H3468= ישע yâsha / yêsha' = **defend, deliverer, liberty, salvation,**

H4967= מתושאל m^ethûshâ'êl/ Methusael = *man who (is) of YAH;*

H5043 = נברשא nebr^eshâ'=to **shine**; a **light; chandelier**: - **candlestick**.

H7221 = ראשה ri'**shâh**=; a **beginning**: - **beginning**.

H7620= שבוע שבע שבועה shâbûa' = a **week** (spe.. of years): - **seven, week**.

H7673 H7676 = שבת shâbath= **rest, rid, still, take away. intermission,**

H7706 = שדי **Shadday**=; the **Almighty**: - **Almighty**.

Kom ons kyk nou na 'n klompie Strong's verwysings oor "shua"

H1340 = בת-שוע bath-**shûa**' = From H1323 and H7771; **daughter of wealth;**

H3442 = ישוע yêshûa' = For H3091; **he will save; Jeshua,**

H3444 = ישועה yêshû'âh= **Feminine passive participle of H3467; something saved, that is, (abstractly) deliverance; hence aid, victory, prosperity:** -

H7774= שועה shû'â'= From H7768; **wealth; Shua, an Israelitess:** - **Shua.**

H8663= תשואה t^eshû'âh = a **crashing or loud clamor: crying, noise, shouting**

Let mooi op en sien dat "SHA" 'n baie meer sinvolle toevoeging is aan ons Koning se Naam as "SHUA"

'n Stelling en samevatting oor die name van bo.:

AHYH (אהיה) en YHUH (יהיה) YHUSA (יהושע)

YHUH word **YAHUAH** met klinkers ("YAHUAH").

YHUH word **YAHUAH** dan na **YAHUSHA**

YHUH se eerste twee letters is **YH** wat die slimmes 'n klinker in gesit het wat **YAH** heet (*Die uitspraak is: "Jaaa"*). En **YAH** was gestuur deur **VADER** as "**SHA**" (Wat 'Losser' beteken) m.a.w. **YAH - U- SHA.**

YAH-ons-LOSSER.

Eseg. 13:21 Ek sal ook julle sluiers skeur en My volk uit julle hand red, sodat hulle nie meer 'n buit in julle hand sal wees nie; en julle sal weet dat Ek

יהיה (H3068) is (6528 keer H*re in die Naam **YAH** se plek).

Mense mat al die verduidelikings van bo gaan dit oor die Seun van VADER. As jy dié Seun aanspreek is dit יהוה nie Vader יהוה nie. Die 6528 keer is dié Seun se Naam uit die Skrif gehaal en nie die VADER sin nie. יהוה se VADER het HOMSELF nie aan Moses in die brandende bos bekend kom stel nie, maar die Boodskapper met 'n hoofletter “B” wat die Seun is.

‘n Volgende uitwysing:

Sodra jy aan name krap deur om klinkers, jotas en titel-kies aan te sit verloor die woord sy waardes. Ek weet dat ons as Afrikaan, Duitse, ens. sprekers alfabet letters moet gebruik om ‘n vreemde taal of skrif uit te lig dat dit in jou taal verstaanbaar te kan wees; Maar soos genoem is die vertaalde woord nul van waarde teenoor die oorspronklike. Dus is YAHUAH se waarde nul teenoor יהוה

Ek wil afsluit met die naam “J*sus” wat in ons Skrifte verskyn. Weens die uitverkore volk telkemaal in ballingskap verkeer het, het hulle op ‘n stadium Grieks gepraat. Na die Grieke het die Roomse manne ‘n beurt gehad om die volk te verwar. In hulle heerskappy het die ontstaan van die Roomse geloof na vore gekom wat ons tot van dag toe ken as die Rooms-Katolieke. Ons weet dat hulle die Skrif (*perkament rolle*) Geannekseer en geassimileer het tot hulle eie voordeel. Hulle het die Jode baie gebruik om die hardnekkige uitverkore Yashar’EL uit te faseer. Die meeste vergaderings rondom die Skrif was die ware Yashar’EL nie teenswoordig nie. Wat wel gebeur het in Paulus se tydperk ‘toe YAHUSHA nie meer daar was nie’ het die Romeinse heersers gepoog om alle gelowe (*wat hulle sin insluit*) in een boek saam te vat. Met die eerste poging of wat was daar groot konsternasie, want die Romeine (*Italië*), Egipte of die Griekse gode was in naam in die nuwe saam geflanste “Bybel”. Wat toe gevolg het was die verduistering van hulle gode-name in die samevattende skrifte. Met ondersoek sal jy sien dat name soos: J*sus, Christus, Here, Lord of God vervangings name was in die plek van die oorspronklike soos: YHUSA, Nasarener, Meester, YHUH of VADER.

Ek haal die naam ‘J*sus’ aan en lig dit uit in sy ware kleure. Die naam “J*sus” is in der waarheid ‘n veragtelike naam wat deur die Roomse (Jode) werkers daar gestel was. Deur daardie vervalste name het die Rooms-Katolieke (*Roomse inkwisisie*) miljoene van die uitverkore volk uit-vermoor, want ek glo die uitverkore het geweet wat aan die gebeur was.

Om met die naam ‘J*sus’ te begin moet ons dit opbreek in Latyns (*Roomse taal*) wat soos volg is: ‘Je’ en ‘sus’. Soos bo genoem dat die Romeine die ander volkse leermeesters nodig gehad het om hulle geloofshelde in die nuwe geloof boek in te sit. So het hulle met die Joodse invloed na alle rigtings gekyk hoe om die Yashar’EL volk se geloof in te palm.

Hulle het bv. gekyk na ‘n Galdese demoon god met die naam ‘Esus’ wat uitgespreek word: Ee-Sooce ook bekend as Hesus (J*sus) en ook uitgespreek as: He of Hey-Sooce. Hulle ‘die Italianers’ (Rooms-Katolieke) het die naam Je –Sus gekies wat uitgespreek word as “Gesu”; Waarvan “Ge” se betekenis aarde, grond of land’ is (Strong’s Grieks 1093). Die uitspraak van die eerste twee letter kan varieer van ‘Ie’ ; ‘Ye’ ; ‘Ge’ ; ‘Ee’ (*Dus kan dit ook ‘jy’ beteken*). Samevattend oor die eerste twee letters ‘Je’ beteken dus **aarde, grond of land**.

Die opvolgende is ‘Sus’ in die “Je-Sus” wat in Latyn deur gegee word as **vark, swyn of sog**. Die Spanjaarde spreek die J*sus weer uit as Hey-Sooce Die oud Engels en Latynse tale het “Ie-Sus uitgespreek “EE-SOOCE”, want die letter “J” het toe nog nie bestaan nie. In die Hebreeuse taal beteken ‘Sus’ weer ‘n perd, perde, perde ryer (Strong’s H5483). Dus met samevatting oor die beteken van J*sus is “aardse perde ryer” of “aard-vark (erdvark) m.a.w. Ye die Aard Vark!

As dit nie genoeg is om in te neem nie sal die volgende jou verstom. Soos genoem was Grieks die dominerende taal toe YAHUSHA ‘n draai by ons op aarde kom maak het. Met die gekrap en veranderings uit die perkament-rolle het hulle die “antichris” Of “anti Nasaréner” weggesteek in name en syfers.

Kom ons lees eers in Open. 13:16 En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe ‘n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; :17 sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het. :18 Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van ‘n mens; en sy getal is ses honderd ses en sestig.

Hier word vir ons baie deurgegee. Daar is niemand op aarde van klieën tot groot, van ryk tot arm, vry tot slaaf ‘n merk sal ontvang op regterhand en voorkop nie. Daar sal nie gekoop of verkoop word indien hulle nie die merk het nie, maar die wat verstaan waarvoor dit gaan sal vry word. Ons kry ‘n opdrag om die getal te bereken wat 666 is. Na die berekening sal die “antichris” (*In die plek van die Nasaréner, YAHUSHA*) geopenbaar wees.

Kom ons begin deur om die 666 te bereken. Soos genoem moet ons na die Griekse alfabet gaan. Ons begin om die 666 uitmekaar te haal wat 600 + 60 + 6 is. Die Griekse ekwivalent volgens die “Textus Receptus wat afgelei was van Bisantynse teks manuskripte word die getal 666 χξς die Griekse weergawe waarvan die letter stigma (ς) wat die getal 6 voorstel. Nou hier is die getal in klank weergawe in Strong’s G5516 χξς “chi-xi-stigma” (uitgespreek as gaai-ksaai-stigma) Die getal 600 in Strong’s G1812 is hexakosioi (uitgespreek as “heksa kasiowe”) Die getal 60 in Strong’s G1835 is “hexekonta” (uitgespreek as “heks y kenta”) Die nommer 6 in Strong’s G1803 hex (uitgespreek as “heks”) χξς Die eerste letter is chi wat as “ghee” of “jee” uitgespreek word; Die tweede letter is z wat “zee” of “zi” uitgespreek word; Die derde letter is stigma wat uitgespreek word as “s”. As jy die uitsprake van bo bymekaar sit kry jy Chzs wat klink soos Gezus of Jezus. *Eseg. 39:7 En Ek sal My heilige reine Naam bekend maak onder My volk Israel Yashar’EL en sal My heilige reine Naam nie meer laat ontheilig ontreinig nie; en die nasies sal weet dat Ek die HERE יהוה (H3068 YHUH) is, die Heilige-Reine in Israel Yashar’EL.*

*Ps. 68:4 Sing⁷⁸⁹¹ unto God,⁴³⁰ sing praises²¹⁶⁷ to his name:⁸⁰³⁴ extol⁵⁵⁴⁹ him that rideth⁷³⁹² upon the heavens⁶¹⁶⁰ by his name⁸⁰³⁴ **JAH**,³⁰⁵⁰ and rejoice⁵⁹³⁷ before⁶⁴⁴⁰ Him.*

Ek gaan net ‘n kort inset doen oor Israel en Yashar’EL, Christen/dom en Nasaréner/s. Die woord “Israel en Israeliete” is 100% aan mekaar gekoppel en dat dit wel dispuut-baar is teenoor Yashar’EL . Ek begin om die name op te breek sodat openbaring daardeur kan kom.

Israeliete = Is-ra-el-iete/ Strong’s H3478 **יִשְׂרָאֵל** yisrá’èl/ *yis-raw-ale*’

van nommer H8280 en H410; wat beteken hy wil heers as “God”

Die uitwysing uit die Strong’s kan dit reg wees, want volgens die leermeesters moet die Jakob stry met El en het oorwin? As ons na een van die boodskappers kyk met die naam van “Az“rael” wat ‘n gehoorsaam boodskapper is wat die dode kom haal. Hy kom haal siele van die rein en onreine. Dus is sy naam “AZ” en sy werk is “rael” wat siele kom haal. As ek die woord **יִשְׂרָאֵל** vat en ‘n spasie tussen die Sin en Resh maak kry jy “Daar is ‘n Rael” m.a.w. Daar is ‘n boodskapper met die naam “Ra” el. “Ra” word ook gekoppel aan die son wat sonaanbidding deurgee.

Wat die “iete” aan betref word duidelik vir ons deurgegee dat die nageslagte van die “reuse” Amorie, Moabiete, Enakiete, Eedomiete, ens. was. Hulle wat uitgeroei moes word weens hulle die afstamming (*verbaster-des*) van die gevalle seuns was.

Die Israeliete se betekenis is dus “Die son god (Ra) se kinders van die dood”.

Nou 'n vinnige loer oor die naam, Ya-**shar**-EL. As ons **Yashar**'EL vat en kyk na YAHU"**SHA**", "**Sha**"bbat of "**Sha**"lom sal die "**sha**" duidelik uitstaan wat betekenis van "Losser" het. Die "EL" aan die einde van die word beteken opperhoof en heerser. Die "Y" (Yud) aan die begin van die woord beteken "ek" wat 'n persoon uit wyser is.

Die **Sha** met 'n "**r**" toevoeging volgens H3477 יָשָׁר ya"shar" (449a); van H3474 = reguit, regs, pligsgetrou, vrede-voorstel, regs, veilig, wat is reg.

Volgens H3474 יָשָׁר yâshar/yaw-shar'yâshar/yaw-shar'

'N Primitiewe wortel; om reguit of gelyk te wees; figuurlik om (oorsaaklik te maak) reg, aangenaam, voorspoedig te wees: - direk, fiks, lyk goed (ontmoet), + asseblief (wel), wees (ag, gaan) regs (aan), bring (kyk, maak, neem die) reguit (weg), regop wees (-ly).

'n Laaste aanhaling uit Strong's is H833 אֲשָׁר 'âshar' âshêr/aw-shar', aw-share' 'N Primitiewe wortel; om reguit te wees (in die wye sin gebruik, veral om gelyk, reg, gelukkig te wees); figuurlik om vorentoe te gaan, eerlik te wees, voorspoedig te wees: - (roep, wees) seën (-ed, gelukkig), gaan, lei, lei, verlig.

As jy na die Strong's verwysings kyk sal jy agterkom dat "shar" 'n pleidooi is om reg te wil wees of om reg te maak. Dus het Jakob (ons voorvader) met YAH gepleit om al die reg en mooi te doen en daarom het hy gesmeek en gepleit en dat hy nie YAH kon los voordat YAH hom geseën het nie. YAH het Jakob toe 'n nuwe naam gegee van Yashar'EL wat beteken: "Jy as dienaar het gestry vir die/jou mense en vir jou Skepper waarvan jy guns ontvang het".

Christen/dom en Nasaréner/s. Die Christen naam het sy afleiding en ontstaan by Konstantyn gekry. Dit was eers bekend in Latyn as "Chi-Rho-stians", en heelwat later in Engels vertaal was as "Christen". "Chi-Rho" st, beteken *die son of die vuur in die lug van vader*, wat duidelik die volgeling van "Christus" was. In eenvoudige taal beteken die woord "Christen", "sonaanbidder". Die "XP" (✠) simbool wat jy op preekstoele kry is bekend as Chi-Rho, wat lank voor die heidense "Christendom" in gebruik was. X (Chi) staan vir die groot vuur in die lig of dan die Son voor; Die P (Rho) staan vir Pater of Patah (Vader).

Die tweede konkulary noem dat woord "Christen" sy ontstaan in Frankryk gehad het. Hulle het dit uitgespreek as 'Cretin' wat Christianus in die Latyns taal. Cretin beteken in Frans: Idioot, Sot, Dom en Onnosel. Die Romeine was gaande oor die naam en het in YAHUSHA se tyd reeds die mense die naam toegesnoer.

Ons kry die naam net driemaal in die Skrif en ek haal dit aan: In *Hand. 11:25, 26, 28* staan: *Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochië gebring. :26 En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem:28 En Agríppa sê vir Paulus: Jy beweeg my byna om 'n Christen te word.*

(Let op dat hulle so genoem was nie dat hulle, hulself so genoem het nie. Weens die slinksheid van Paulus het Agríppa dit opgetel en genoem dat hy nie 'n 'Christen' is en ook nie daarin belangstel nie. Hy wou dus nie onder daardie vaandel van "Dom en Onnosele sotte gesorteer word nie).

Oor die Nasaréner lees ons heelwat in die Skrifte waarvan YAHUSHA self 'n Nasaréner genoem was Matt.2:23. Die woord "Nasaret" beteken uitloopsel. Uit alle olyfboom kom daar nuwe uitloopsels aan die onderkant van sy stam. Nou daardie uitloopsels kan geplant word om 'n nuwe olyfboom daar te stel. Daarom is ons die uitloopsels van die Olyfboom wat "YAHUSHA" voorstel.

Ek sluit met die Naam van ons Skepper en Vader. Hy wat gestuur was deur Sy VADER. Ja יהוה wat gekom het as יהושע en wat gespreek het uit die bos met Moses as יהו . Ons יה .

Ek haal weer net aan: Ja YHUH wat gekom het as YAHUSHA en wat gespreek het uit die bos met Moses as YAH.

יהוה = YHUH=YAHUAH het gekom as YH-SHA en wat weer gaan kom as יהוה wat dié Seun van VADER is (*VADER se Naam is onbekend tog dieselfde Naam waarin SY Seun bekend is*). Hy kom as Koning om te Heers nie as Losser nie.

Joh.14:28; Joh.20:17; Open.3:12; Open.1:5,6; Open.3:14; Jes.53:1–12; Gen.1:26; 11:7; 49:10,11. Ex.3:14-18; 23:20,21,25; 33:11,19,20; Num.22:12, 22-35;Rug.6:12-14,20-22; 13:9-21 Ps.2:2-8; 22:1-24; 45:3,8; 110:1-4.;Spr.8: 22,23,35,36; 30:4; Jes.4:2; 5:1; 23:5,6; 42:1,6; 49:5,6; 50:4-11;:1-12; 61:1; Mig.5:13; Dan.7:9,13,14,22.; Matt.3:17; 11:27; 16:27; 17:5; 19:17; 27:46. Mark. 14:36; 16:19;Luk.4:18; 22:70; 24:49. Joh. 3:16-18; 6:32,37,39; 7:18; 8:16-18,28; 10:29,30; 12:28-30,49; 13:16,19,20; 14:1-31; 15:10; 17:1-26; 20:17,31. Hand.2:32-36; 3:13,15; 4:10,26,30; 7:55,56; 1 Pet.1:3,19-21. 2 Pet.1:17,18.

(Bestudeer en bedink dit)